# My skool en die virus.

(COVID-19)

**Die virus van China het alles kom verander,**
**vir my en juffrou, maar ook vir die ander.**
**Ons moes skielik die skool toe maak,**
**om ons te beskerm teen die virus-draak.**

**Eers was ek baie bly,**
**oor al die vakansie wat ek gaan kry.**
**Maar toe begin ek my maatjies en juffrou mis**
**en vir skoolwerk by die huis, was ek glad nie lus.**

**Skielik moes ons maskers dra**
**en oral vir handsaniteerder vra.**
**Vir die virus, was ek eers bang,**
**bang dat dit my of my familie sou vang.**
**Maar toe vertel my juffrou my, waar ons hulp sal kan kry.**

**Juffrou sê ons moet bid en Bybel lees.**
**Dan het ons niks om voor te vrees,**
**want ons God is groter as dié probleem.**
**Ons moet net die eerste stappie neem.**
**Dan moet ons ook die ander stappe doen.**
**Onthou geen handdruk, drukke of ‘n soen.**

**Ons moet ons hande gereeld was,**
**of saniteer met die botteltjies wat in ons tasse pas.**
**Ek moet in ‘n tissue hoes of nies,**
**anders maak dit die mense om my vies.**
**Dit kan ook die kiem versprei**
**en die gevaar groter maak vir jou en my.**

**Daarom moet ons elke dag ons maskers dra**
**en nie ons maatjies vir hulle koeldrank vra.**
**Ons mag nie meer ons kossies deel,**
**ook nie meer in groepies speel.**
**Want die kieme kan op enige plek wees,**
**op ander se hande, mond of neus.**

**Onthou om ver weg van jou maatjie te staan**
**en nie sonder 'n masker skool toe te gaan.**
**Luister na jou juffrou en meneer,**
**want hulle probeer net die virus keer.**
**Sê dadelik as jy nie lekker voel,**
**die dokters is daar vir 'n doel.**

**Drink baie vitamiene C en D om jou immuunstelsel te bou.**
**Doen al jou werk om jou punte hoog te hou.**
**Moet nie vergeet om elke aand te gaan bid**
**en om ver van jou maatjie in die klas te sit.**
**Moet nie jou masker afhaal of uitruil,**
**al hou jy meer van jou maatjie se styl.**

**Luister mooi na wat die onderwysers sê,**
**want hulle wil net die beste vir jou hê.**
**Vir die wat nog by hulle huise moet leer,**
**ons mis julle elke dag net meer en meer.**
**Bly veilig by die huis en doen al jou werk.**
**Drink baie water, want dit maak jou sterk.**

**Onthou jy is nie alleen.**
**Mag God jou en jou familie seën.**
**Hy sal ons hierdeur dra,**
**Al wat jy moet doen is om te vra.**
**Moet nooit vergeet waar kom ons krag vandaan,**
**gaan lees gou wat in die Bybel staan.**
**-Suné van Rensburg-**